Die onlangse gemeenskapstoekennings het baie beteken, omdat dit 'n voorbeeld was van mense wat saamgewerk het. Vir party mag dit dalk klein lyk, maar in die Weskus-konteks is dit 'n groot ding en dit wys dat die Weskus vinniger verander en meer verenig is as enige ander plek. In Paternoster was ons selfs tydens apartheid nooit "apart" nie. Nou beweeg ons selfs nog nader aan mekaar. Dit kan nóg beter word as ons as 'n eenheid vorentoe beweeg. **PP**



© KERI HARVEY

Oranje baadjies is nou herkenbaar as deel van die Paternoster Volunteer Project. Daar is egter baie helpende hande wat die vrywilligers bystaan in hul werk by St Augustine's Primêr. Om hierdie goedgesinde onderwysers en helpers te vereer en erken, het die Paternoster Project NPC vir hulle blou baadjies gegee om hulle te bedank vir hulle volgehoue ondersteuning.

VRYWILLIGERSPAN van Julie tot Oktober 2018



Maren
Skool & Crèche



Cathy
Koördineerder



Langtermynvrywilliger



Pia
Skool & Crèche



Meike
Skool & Crèche



Esmari
Skool



Sina
Skool & Crèche



Lize
Skool



Chantal
Skool & Crèche



Beste families, ons is die nuwe vrywilligers van Duitsland en Suid-Afrika en ons gaan vanaf Julie tot Oktober 2018 met julle kinders werk. In die oggende gaan ons by die Crèche uithelp en Afrikaans, Engels en wiskunde by St Augustine's Primêre Skool aanbied. Al agt van ons gaan werksinkels aanbied tydens die namiddagprogram by St Augustine's Primêre Skool en tydens die winterskoolvakansie ekskursies meemaak. Ons sien uit daarna om julle kinders te leer ken en om met hulle te werk. Moet asseblief nie skroom om ons te kom sien as jy enige vrae rakende jou kind of die betrokke program het nie. Jy kan ook vir ons 'n nota in ons kommentaarboksie by die gerestoureerde skeepshouer los.

Vriendelike groete, die vrywilligers



PATERNOSTER
VOLUNTEER PROJECT

Studente van Stellenbosch sluit by die vrywilligerspan aan

In April het opvoedkundestudente van die Universiteit Stellenbosch by die Duitse vrywilligers, wat werksaam is by St Augustine's Primêre Skool, aangesluit. Die Suid-Afrikaanse vrywilligers ondersteun die Afrikaans- en wiskundeonderwysers, terwyl die Duitse vrywilligers in die oggende Engels aanbied.

Om te lees en skryf is basiese vaardighede wat kinders nodig het om oor die weg te kom. Kinders het egter verskillende akademiese vermoëns, wat dit vir onderwysers moeilik maak om aan almal in die klas se behoeftes te voldoen. Daarom word die vrywilligers se hulp hoog op prys gestel. Daar is ook 'n merkbare verbetering in die taalvaardighede van die kinders wat by die Story Hook (deel van die namiddagprogram by die skool) aangesluit het.

Die integrasie van Suid-Afrikaanse vrywilligers was een van die oorspronklike doelstellings van die Paternoster Project NPC toe dit twee jaar gelede gestig is. Die Universiteit Stellenbosch het by die eerste Paternoster Project NPC-konferensie in Oktober 2017 onderneem om betrokke te raak by die projek en danksy Dr Bernard Rhodes, Hoof Departementele Beampte van die Departement Kurrikulumstudies in die Fakulteit Opvoedkunde, is die doel bereik. Hy het die integrasie van die twee huidige vrywilligers gefasiliteer en het reeds die volgende groep vrywilligers, wat in Julie gaan kom aflos, geïdentifiseer. PP

**“KOM SAAM EN BELEEF
PLAASLIKE TALENT IN AKSIE.”**

Sien jou by die aktiwiteite- demonstrasie op 21 Junie

Die Paternoster Project NPC se toegewyde span Duitse en Suid-Afrikaanse vrywilligers hou in die oggende skool en wy hul middag aan die onderrig van lewensvaardighede. In die twee jaar wat die vrywilligers reeds in Paternoster werksaam is, het hulle vir die kinders 'n wye verskeidenheid opwindende aktiwiteite aangebied.

Van die aktiwiteite gaan op Donderdag 21 Junie om 18:00 in die Solomon Tollman Gemeenskapsaal aan ouers en die gemeenskap gedemonstreer word. Sport, soos sokker en basketbal, is natuurlik baie gewild, maar Zumba en briekdans is nie ver agter nie. Kom saam en beleef plaaslike talent in aksie. Paternoster se kinders het baie energie. PP

UITNODIGING

GRATIS
TOEGANG

aan die kinders, ouers, grootouers en inwoners van Paternoster

GELUKSTREKKING
Groot pryse op
die spel

Die kinders van die Paternoster Volunteer Project se namiddagprogram bied aan:

"A potpourri of our afternoon workshops"

Onder leiding van die Duitse en Suid-Afrikaanse vrywilligers



Datum: Donderdag 21 Junie 2018 ✨ **Tyd:** 6nm ✨ **Plek:** Gemeenskapsaal, Paternoster

Met die vriendelike
ondersteuning van:





Die eerste groep Duitse gegradueerdes van St Augustine's is onder andere: Netashke Engelbrecht, Judy-Ann Cloete, Amor Fredericks, Mischke Marcus en Surelle Pietersen.

Die Paternoster Project NPC bedank die volgende borge hartlik vir hulle ruimhartige bydraes tot die projek en vir hul belegging in die toekoms van Paternoster se kinders:

VAN SUID-AFRIKA:

André Kleynhans, Paternoster
Barnu Botha, Kaapstad
Ben Rootman, Paternoster
Dr Barbara Vorster, Johannesburg
Dr Paul Vorster, Johannesburg
Karen Ellis, Paternoster
Paternoster Visserij

VAN DUITSLAND:

Blue Ocean Entertainment AG, Stuttgart
Cyient GmbH, Stuttgart
Dr Martin Arnegger, Frankfurt
Ears & Eyes, Hamburg
Edeka, Offenburg
HdM, Stuttgart
Heidi Freiner, Aichtal
LBBW Bank, Stuttgart
Oliver Leisse, Hamburg
Peer Hartog, Hamburg
Prof Arnold van Zyl, Stuttgart
SeeMore, Hamburg
Stutengarten, Stuttgart
Volksbank am Württemberg, Stuttgart
Zirkusprojekt, Stuttgart

Eerste Duitse taalkursus kom tot 'n einde

Daar was groot belangstelling in die eerste drie-maand Duitse beginnerskursus wat by St Augustine's Primêre Skool aangebied is. Voor die eerste les het kinders in die graad 5-klaskamer ingestroom om 'n sitplek te kry. Die belangstelling was so groot dat sommige kinders weggewys moes word en moet wag vir die volgende geleentheid.

Na drie maande se Duitse taallesse, wat deel was van die Paternoster Volunteer Project, het 'n klein, maar hoogs gemotiveerde, groep graad 6- en 7-leerders verrys – en hulle spog trots met hul Duitse taalsertifikate.

Hulle motivering om hulself in 'n tweede addisionale taal te bekwaam tydens die namiddagprogram, spruit uit die kinders se begeerte om met Duitse toeriste in Paternoster te kan kommunikeer en ook om later 'n voet in die deur van die gasvryheidsbedryf te kry. Van die kinders droom daarvan om eendag die vrywilligers in Duitsland te gaan besoek.

Die volgende groep graad 4- en 5-leerders sal in Julie die kans kry om die Duitse beginnerskursus te voltooi. Daarna sal hierdie loodsfasie van die Duitse kursus binne die raamwerk van die Paternoster Volunteer Project tot 'n einde loop, en die Paternoster Project NPC is trots daarop dat ons hierdie kinders kon ondersteun. **PP**

Paternoster Project NPC en vennote met gemeenskapstoekennings vereer

Die aand van Vrydag 13 April 2018 was een om te onthou. Inwoners van die Weskus het in Saldanha byeengekom tydens 'n gala-funksie waar uitstaande gemeenskapsdiens erken en gevier is. Die gemeenskapstoekennings is geborg deur die Saldanha-baai-munisipaliteit, Arcelor Mittal en Sea Harvest.

Pryse is in ses kategorieë toegeken: Oorbrugging van verdeelde gemeenskappe, Jeug, Onderrig, Gestremdhede, Ontwikkeling van vaardighede onder gemarginaliseerde mense en Gemeenskapsveiligheid. Die Paternoster Project NPC en twee van sy vennote het die skoonheid gemaak en het drie van die ses kategorieë gewen.

Die Paternoster Project NPC het die Onderrig-kategorie gewen, wat erkenning gee aan 'n opvoeder of onderwysinstelling wat die lewe van 'n kind of groep kinders op 'n unieke en besondere wyse verander. Paternoster Project NPC se stigter, Christian Neuber, het Suid-Afrika toe gevlieg om saam met die Duitse vrywilligers wat by St Augustine's Primêre Skool werksaam is, die toekenning te ontvang.

In die kategorie Oorbrugging van verdeelde gemeenskappe, het André Kleynhans die eerste prys gewen vir sy volgehoute toewyding aan die gemeenskap van Paternoster. Hierdie kategorie gee erkenning aan mense of organisasies wat 'n verskil gemaak het in die proses om diskriminasie en ongelikheid uit die weg te ruim en die interaksie en verstandhouding tussen gemeenskappe en rasse-groepe aanmoedig in 'n poging om versoening te vind.

Heini van Niekerk, die plaaslike argitek wat ook die argitek is van die vrywilligershuis wat tans in Paternoster in aanbou is, het die Jeug-kategorie gewen. Dié kategorie erken 'n betekenisvolle bydrae tot die verbetering van die jeug se welstand. Heini het deur die jare as mentor vir die jeug gedien en sonder vergoeding gehelp met die ontwerp van geboue vir jeugprojekte. Sy argitektuur demonstreef ook sy vernuwende en kreatiewe benadering tot gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe.

Alle wenners is deur die plaaslike gemeenskap genomineer en verkies, en is daardeur vereer en erken vir die werk, tyd en moeite wat hulle vrylik aan die mense op die Weskus toegewy het. **PP**



© KERI HARVEY

Die Paternoster Project NPC en twee van sy vennote het die skoonheid gemaak by die jaarlikse gemeenskapstoekennings.



© KERI HARVEY



© KERI HARVEY

VAN BO: Duitse vrywilligers en die stigter van die Paternoster Project het die gemeenskapstoekening vir Onderrig ontvang. Gemeenskapstoekening-wenners Christian Neuber (links) saam met Heini van Niekerk en André Kleynhans. Paternoster Project NPC stigter Christian Neuber gesels met burgemeester Marius Koen.

Bevrediging van inwoners se behoeftes

Van 8 tot 10 Junie is 'n behoeftepeiling in Paternoster onderneem om die nuwe behoeftes van die gemeenskap te identifiseer, sowel as om kennis te neem van behoeftes waaraan daar reeds voldoen is.

Die assessering is deur Janette du Toit en Cindy Jacobs onderneem en deur die Paternoster Project NPC befonds. Janette is die direkteur van Human Nature – 'n maatskappy in Kaapstad wat idees vir sosio-ekonomiese en omgewingsvolhoubaarheid ontwikkel – en Cindy is een van die spanlede. Hierdie behoeftepeiling bou voort op die uitstaande werk van Paternoster Vissery, wat 'n lewensbestaansassessering befonds het. Dié assessering het 'n reeks werkswinkels met die vissersgemeenskap en

familielede behels en het daartoe gelei dat baie van die gemeenskap se behoeftes bevredig is. 'n Verslag oor hierdie assessering gaan binnekort saamgestel en aan die gemeenskap en plaaslike besighede beskikbaar gestel word.

Die behoeftepeiling gaan ook deel vorm van die agenda van die tweede Paternoster Project NPC-konferensie wat later vanjaar gaan plaasvind. Die eerste konferensie het in Oktober 2017 plaasgevind en is bygewoon deur verteenwoordigers van Duitse universiteite, die Universiteit Stellenbosch, die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en plaaslike besighede, entrepreneurs en opvoeders.

Paternoster Project NPC bedank elke lid van die gemeenskap wat deelgeneem het aan die behoeftepeiling. Ons sien daarna uit om saam met die mense van Paternoster te werk en te help om aan die gemeenskapsbehoefte wat hulle geïdentifiseer het, te voorsien. **PP**



BO: Om te lees en om voor gelees te word, is waaroor Storiehoek gaan.



© JOAN KRUGER

Die stories agter die stories

Dr Seuss het gewet waarvan hy praat toe hy dié raad gegee het: “You're never too old, too wacky, too wild, To pick up a book and read to a child.”

Dis presies wat ons hier op Paternoster doen. Elke Donderdagmiddag is dit Storiehoek en lees vrywilligers uit die dorp saam met die Stigting se Duitse vrywilligers stories vir die kinders van St Augustine's Primêre Skool.

Dis iets om te beleef – die gretigheid waarmee die kinders boeke vir lees uitsoek en die selfvertroue waarmee hulle self ook hardop stories in Afrikaans én Engels vir hul maats voorlees.

Ons klein biblioteek in die skeepshouer met sy vrolik geverfde buitumure daar op die skoolgrond groei stadig maar seker aan.

Danksy skenkings van boeke en kontant vir die aankoop van boeke, kan ons kinders die jongste boeke lees, sowel as mooi nuwe uitgawes van klassieke verhale – boeke wat ons net soveel soos die kinders geniet.

Die stories wat ons lees sluit gunsteling soos *Die klein kaptein*, *Liewe Heksie* en *Babalela* in, en ook splinternuwe treffers van skrywers soos Jaco Jacobs en Marita van der Vyver. Deur boeke soos dié van Riana Scheepers wat 'n ruk op Paternoster gebly het, word ons kinders bewus gemaak van die ryk kultuur en natuurlewe van ons eie dorp. Boeke soos *Stories Gogo Told Me* doen dieselfde wat betref die verskeidenheid kulture van ons vasteland.

Klein verrassings sorg dat Storiehoek nie vervelig word nie. Rita van den Heever, bekend aan televisiekykers, het 'n slag kom kuier en die kinders aan haar lippe laat hang met gedeeltes uit *Charlie en die sjokoladefabriek*. En toe ons op 'n keer in 'n kring sit en beurte maak om hardop te lees, laat Duitse vrywilliger Cathy Kwiatkowski die kinders met nuwe oë na haar kyk toe sy haar deel in vlot Afrikaans voorlees.

Vir die personeel van St Augustine's Primêre Skool is dit net so belangrik dat kinders 'n liefde vir lees aankweek. Op uitnodiging van die skoolhoof, mev Celestine Barends, lees 'n paar van ons vrywilligers ook in die laaste halfuur van die skooldag stories vir die graad 1- en 2-leerders.

As jy so na die klompie kyk wat grootoog na die verhale sit en luister, weet jy dat jy met elke voorlesing veel meer as net 'n storie gee. Jy gee 'n verbeeldingsvlug, 'n reis, ervarings, nuwe woorde, vreemde wêreld, 'n begrip vir die lewe. Jy gee van jou eie liefde vir lees en ontvang weer iets van die verwondering van jou kindertyd terug.

Dis mos nooit te laat om jou kinderjare van vooraf oor te hê nie!

As jy ook vir hierdie avontuur lus is, bel vir Joan Kruger by 083 556 1913. **PP**

“ 'n Reeks werkswinkels met die vissersgemeenskap het daartoe gelei dat baie van die gemeenskap se behoeftes bevredig is.”

Educare is 20 jaar oud

Paternoster Educare verander vir die afgelope 20 jaar kinders en ouers se lewens. Die crèche laat ouers toe om werk toe te gaan met die wete dat hulle kinders deur opgeleide mense versorg word.

Paternoster Educare het in 1998 begin met slegs drie onderwysers en 50 kinders. Die stigter, Nathalie van der Heever, sê: “Ons het R30 per week betaal om die Solomon Tollman Gemeenskapsaal te huur en ouers het R25 per week betaal. Ons het die kinders gevoer en gebad voordat hulle huis toe is, sodat hulle reg is vir bed. Verskillende besighede en plaaslike mense het vleis en groente geskenk vir die kinders om te eet, en ek het die pap en rys gekoop. Dit is hoe dinge gewerk het.” Nathalie sê die personeel het dikwels nie betaling ontvang nie, maar die kinders het gehad wat hulle nodig gehad het. Die fasiliteit het beteken dat ouers kon gaan werk met die wete dat hul kinders veilig is.

Vandag versorg Paternoster Educare 82 kinders – van pasgebore babas tot sesjarige. “Ons het vyf gekwalifiseerde onderwysers en ’n prinsipaal, Rachel Cloete,” sê Nathalie. “Elke klas het ook ’n vrywillige assistent en daar is ’n kok wat die maaltye voorberei. Hy/sy werk vir vyf dae ’n week, maar word slegs betaal vir twee dae, aangesien dit al is wat ons befondsing toelaat.”

Die dagsorg het uiteindelik Educare geword en in 2006 na die huidige ligging langs die gemeenskapsaal geskuif. Verlede jaar het André Kleynhans toe ’n groot fasiliteit vir die pasgeborenes gebou. “Ons het dit André se Nessie genoem om vir André erkenning te gee vir die feit dat hy dit gebou het en gratis vir ons gegee het. Dit is pragtig. Ons volgende mikpunt is ’n sandput en tuin vir die speelgrond, en nuwe matte in die klaskamers vir die kinders om op te speel. Ons sal enige bydraes tot hierdie projek baie waardeer.”

Nathalie sê dat die afgelope 20 jaar ’n voortdurende groeiproses was, maar dat dit uit en uit die moeite werd was, alhoewel befondsing altyd in hulle agterkoppe is. “Ek dek gereeld van die uitgawes uit my eie huishoudelike begroting en ons moet elke jaar fondse insamel om die rekenmeester te betaal,” sê sy. “Maar ons doen dit vir die kinders, want dan kan hulle ouers werk en hul gesinne onderhou.”

Die meeste kinders wat by die oorspronklike dagsorg was, het reeds gematrikuleer, drie is nou vissermanne en ’n hele paar is universiteit en kollege toe. Vandag woon van hulle kinders Paternoster Educare by – en so word die kringloop voltooi. **PP**



Netjiese rye slapende kinders by Educare.



© ADRIAN VENTER



In voorbereiding vir die sportdag het die kinders op die strand geoefen.

Crèche hou eerste sportdag

In Maart het die crèche se personeel, saam met vrywilligers Ann-Katrin Lambert en Lisa Landwehr, ’n prettige sportdag gereël. Die rooi span en die blou span het op die rugbyveld teen mekaar gekompeteer.

Ongelukkig het nie al die kinders wat vir die sportdag geoefen het dit bygewoon nie, maar dié wat het, het ’n heerlike dag gehad. Die kinders het resies gehardloop, hindernisbane voltooi en hoelahoepe geswaai terwyl vriende hulle toegejuig het.

Die sportdag was nie slegs ’n kompetisie nie; dit was ook ’n lekker geleentheid vir verskillende generasies om bymekaar te kom en ook met musiek en kos fees te vier. Almal is opgeruimd huis toe en ons hoop dat die volgende sportdag selfs meer ondersteuning van beide ouers en kinders sal kry. **PP**



VAN AGTER LINKS: Celestine Barends van St Augustine's Primêr, Fabian Eifert van Paternoster Project, Mariëtte Grobbelaar en Astrid Coraizin van Paternoster Vissery en Geo Nel van Occuision. Oogtoetse in die kerksaal.

Kinders kry gratis oogtoetse

Paternoster Vissery Beperk en die Paternoster Volunteer Project, in samewerking met Occuision, het 'n projek van stapel gestuur om die leerders van St Augustine's Primêre Skool in Paternoster se oë te toets.

Geo Nel van Occuision behartig die oogtoetse en het reeds al die graad 2-leerders se oë getoets. Die res van die grade gaan binnekort volg.

Leerders sal, waar nodig, 'n gratis bril ontvang om seker te maak hulle is toegerus om behoorlik op hulle skoolwerk to fokus. Die projek gaan 'n jaarlikse instelling word ten einde optimale ooggesondheid vir die leerders te verseker.

Ons bedank Mike Theys en Geo Nel van Occuision in Vredenburg vir hulle borgskap en waardevolle tyd. Paternoster se kinders is haar toekoms en hoe meer daar in die kinders van Paternoster belê word, hoe beter vir hulle en vir ons dorp. **PP**

Paternoster se kinders leer van plaaslike erfenis

Aventurier Dean Swart stap die hele kusroete van Suid-Afrika en Mosambiek – amper 6 000 km – om bewustheid oor seebewaring en -besoedeling te skep. Sy reis het op 31 Januarie in Alexanderbaai, op die Namibiese grens, begin en hy is van plan om vir die volgende twee jaar te stap. Op pad praat Swart by skole en met mense oor hul plaaslike erfenis en die belangrikheid van seebewaring en -beskerming.

Terwyl hy in Paternoster was, nadat hy reeds 640 km sonder enige bystand gestap het, het Swart by St Augustine's Primêre Skool vir meer as 200 leerders verduidelik dat hulle 'n rol daarin kan speel om die see teen besoedeling te beskerm. “Ek wil graag hê my reis moet mense inspireer,” het hy gesê. “Selfs al kry net 'n handjievol mense die boodskap, is dit die moeite werd. Die kuslyn en seelewe is ons erfenis en dit moet beskerm word.”

Swart, wat homself befonds en net 'n klein rugsak saam met hom dra, stap gemiddeld 20 km per dag en sê: “Ek wil hê kinders en volwassenes moet oor seebewaring en -besoedeling begin praat. Dit is 'n belangrike deel van ons toekoms.” Swart het die mense van Paternoster bedank vir hul gasvryheid en vrygewigheid.

Volg hom op Facebook by 500sunsetsSA en besoek www.500sunsets.co.za. **PP**

“**Ek wil hê kinders en volwassenes moet oor seebewaring en -besoedeling begin praat. Dit is 'n belangrike deel van ons toekoms.**”



Dean Swart by St Augustine's Primêre Skool.

Vrywilligershuis verrys uit sand

Sodra dit voltooi is, gaan die vrywilligershuis die erfenis en omgewing van Paternoster weerspieël. Argitek Heini van Niekerk verduidelik hoe hy hierdie aspekte in die ontwerp van die huis geïnkorporeer het, terwyl die dorp die vordering met groot afwagting dophou.

Hoe het die huis se ontwerp ontstaan?

Die ruimtes het getransformeer soos ons terugvoer uit verskeie werksinkels en van die gemeenskap gekry het. Die gevolg was die toevoeging van 'n addisionele gemeenskapskoffiewinkel, 'n raadskamer, administratiewe ruimtes vir onderwysers, stoorplek vir opvoedkundige toerusting en openbare ablusiefasiliteite, sowel as privaat leefareas en slaapkamers. Daar is ook stil hoekies om heen te ontsnap.

Hoe reflekteer die huis die plaaslike erfenis, grondstowwe of kultuur?

As plaaslike argitek het ek besluit om navorsing te doen en na historiese foto's uit argiewe van ouer as 110 jaar gekyk. Ek ontdek toe 'n verlore gewelwurm wat in die verlede by solderkamers met rietdakke voorgekom het. Hierdie gewelwurm is in die ontwerp ingewerk as eerbetoning aan ons verlore argitektoniese erfenis.

Nog 'n bevinding was dat die geboue destyds baie na aan mekaar opperig is, met smal stegies tussen die geboue en gewels. Hierdie aspek is ook geïnkorporeer. Die huis word gebou uit plaaslik-ontginde klip en gaan inpas by die omliggende landskap met die groot skoorstene, rietdakke en wit mure wat deel is van die kultuur van Paternoster.

Wat is uniek omtrent die projekspan van die vrywilligershuis?

Almal wat betrokke is, is besonder toegewyd. Die plaaslike span is nog altyd baie passievol oor die area en die maatskaplike vooruitgang, ten spyte van die intrinsieke uitdagings. Met die internasionale element glo hierdie wonderlike span dat hulle besluite en aksies 'n groot impak op die toekoms van Paternoster se kinders sal hê.

Watter argitektoniese uitdagings bied die erf en huis?

Die grootste uitdagings was die styl helling, die streng hoogtebeperkings en die bestaande rotsformasies. Dit het 'n noemenswaardige uitdaging vir die ontwerp en begroting gebied. Grootsekaalse grondwerk beïnvloed ook dikwels grondstabiliteit en wateraflooppatrone, maar ons het die struikelblokke oorkom. Die huis oorkant die pad en die vissermanne se uitkykpunt (wat ek nog uit my kinderdae onthou) het verdere beperkings gestel.

Wat is jou vooruitsigte vir die bewoning van die huis?

Die huis bestaan uit 'n openbare, 'n semi-private en 'n private deel. Hoe verder jy in die gebou beweeg, hoe meer gedefinieerd, maar tog minder gekontroleerd, word die ruimte. Die vloerplan is naatloos met die eksterne landskap geïntegreer en dit vul mekaar aan.

Is jy verbaas oor al die aandag wat die huis kry?

Aanvanklik ja, maar as jy daarvoor nadink, maak dit sin. Wanneer sekere dinge in die lewe vir die regte redes gedoen word, kom mense bymekaar as 'n uitbeelding van menslike integriteit en karakter.

**ALMAL WAT BETROKKE IS,
IS BESONDER TOEGEWYD.**



Die ligging van die huis. Hoe die koffiewinkel gaan lyk wanneer dit voltooi is.

Werk jy slegs plaaslik?


Ja, want dit laat minder ruimte vir misverstande. Ek het in Vredenburg skoolgegaan, in Kaapstad en Londen argitektuur studeer en uiteindelik weer na die Weskus teruggekeer.

Hoe is jy persoonlik betrokke by hierdie huis?

Argitektuur word iets groots wanneer jy werklik die menslike aard in die geheel begin verstaan. Dit word egter meer persoonlik wanneer die eindresultaat van 'n passievolle span se ambisie 'n verskil in ander mense se lewens maak in terme van maatskaplike vooruitgang en as 'n belegging in die toekoms.

Wat is vir jou besonders daaraan om op die Weskus te werk?

Ons woon in 'n skilderagtige natuurlike omgewing en het 'n unieke Weskuskultuur, etiese waardes en geskiedenis. Die plat op die aarde, eerlike mense bring alles bymekaar. **PP**



© KERI HARVEY

Kaap Columbine-vuurtoring.

Plaaslike vakansie-erfenisprogram vir Julie

Die wintervakansie is vol belofte vir die kinders van St Augustine's Primêre Skool. Vanaf 9 Julie bied die Paternoster Volunteeer Project 'n vakansieprogram aan – 'n week vol uitstappies en lekker aktiwiteite wat terselfdertyd op die tema van plaaslike erfenis fokus. Die opwindendste aktiwiteit is 'n uitstappie vir 30 kinders na die Zeitz Museum van Kontemporêre Kuns Afrika (MOCAA) in Kaapstad. Die kinders gaan deur Dianne Heesom-Green, Joan Kruger en vrywilligers vergesel word op 'n spesiale begeleide toer om Afrika-kuns te sien en waardeer. Registrasievorms vir die vakansieprogram sal by die skool uitgedeel word en die voltooide vorms moet teen die sluitingsdatum by die skool ingehandig word.

As jy wil uithelp tydens die weeklange vakansieprogram of idees vir aktiwiteite rondom die tema van plaaslike erfenis het, hoor ons graag van jou. Kontak ons asseblief by kwiatkowski@stiftung-kinder-foedern.de of reinhardt@stiftung-kinder-foedern.de. **PP**



Foto van museum: Iwan Baan, tekening: Dianne Heesom-Green

Uitstappie na die Zeitz MOCAA in Kaapstad

vir kinders wat deelneem aan die vakansieprogram (9–13 Julie 2018)

- Een-dag toer – vervoer per bus van Paternoster na Kaapstad
- Begeleide kindertoer deur die museum
- 'n Toegepaste kunsklas in die Sentrum vir Kunsopvoeding
- Vervoer terug na Paternoster
- Alle koste word deur Prof Arnold van Zyl en die Paternoster Project NPC gedek.



VIR MEER INLIGTING, KONTAK ASSEBLIEF:

kwiatkowski@stiftung-kinder-foedern.de (Cathy Kwiatkowski) • dheesomgreen@gmail.com (Dianne Heesom-Green)

Indien jy 'n bydrae wil lewer tot die werk wat onder Paternoster se kinders gedoen word en betrokke wil raak by hierdie positiewe verandering, sal jou donasie opreg waardeer word.

Paternoster Project NPC
Nedbank
Rekeningnommer: 1146942400
Universele takkode: 198765

UITGEWER: CHRISTIAN NEUBER · REDAKTEUR: KERI HARVEY · ONTWERPER: ASTRID ROWE
VERTALER: LINÉ ENSLIN · PROEFLESERS: HALEY ABRAHAMS (ENGELS), MARINA ENSLIN (AFRIKAANS)